

Dinsdag 11 Desember

Skrifgedeelte: Deuteronomium 4:15-20

Fokusgedeelte: Deuteronomium 4:20;
Heidelbergse Kategismus 47:122

“Laat u Naam geheilig word ...” – Ek wil die Here ken vir Wie Hy regtig is

Enige goeie verhouding is 'n oop verhouding gebaseer op die waarheid. Dit is 'n verhouding waarin partye mekaar ken en aanvaar vir wie hulle is.

In ons verhouding met die Here wil ons Hom ken vir Wie Hy is. Ons wil Hom ken soos Hy Homself aan ons bekendmaak. Wanneer mense hulle eie beeld van Hom maak, dan verwerp hulle Hom. En soos ons almal weet, maak verwerping baie seer. Verwerping is nie liefde nie.

Aan die begin van ons gebed spreek ons hierdie hartsbegeerte uit. Ons wil nie 'n eie afgod maak nie. Ons wil in 'n liefdevolle verhouding met die Here staan. 'n Liefdevolle verhouding is 'n verhouding gebou op die waarheid. En daarom wil ons Hom ken vir Wie Hy regtig is, en nie soos ons dink Hy is nie.

Dit is waarom die lees van ons Bybel so lewensbelangrik vir ons is. In die Bybel sê Hy vir ons Wie Hy is. 'n Mens kan ook jou Bybel lees sonder die Heilige Gees, en dan gaan jy steeds nie weet dat God Een in Wese en onderskeie in drie Persone is nie. Dit is nie net ons Here Jesus wat ware God is nie, maar ook sy Vader en sy Heilige Gees. Saam is hulle die een ware God wat ons wil ken en met Wie ons in 'n verhouding wil lewe.

Die ware gelowige kan daaraan vashou dat Hy nie sy verbondsverhouding met ons wil breek nie. Hy wil vir ons 'n God wees, maar Hy wil ook hê dat ons Hom moet liefhê. Ons kan ons liefde vir Hom wys deur ons gehoorsaamheid aan Hom. En deel van ons gehoorsaamheid is om Hom te ken in waarheid en Hom lief te hê vir Wie Hy is. Dit behoort so te wees dat hoe meer ons Hom ken, hoe meer kan ons Hom liefhê.

Sing: Psalm 18-1:1

Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)